# Patristiek en die studie van die Nuwe Testament

HF Stander

**Abstract**

**Patristics and the study of the New Testament**

This article consists of two main parts. In the first part the importance of the study of Patristics is discussed. The author underscores Outler's logion that 'by itself, the New Testament is not a field of inquiry'. The heading of the second part is *Instrumenta Studiorum*. In this section the author gives a survey of primary and secondary works on Patristics in order to make this field more accessible to scholars.

Patristiek is 'n studieveld wat erg verwaarloos word deur moderne teoloë binne die reformatoriese tradisie. Die meeste Protestante kerke glo dat die 'Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word.... En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelykgestel word nie....' (Die Nederlandse Geloofsbelydenis VII). Hierdie stelreël het ongelukkig die oortuiging gewek dat die Bybelse geskrifte ook genoegsaam is vir 'n historiografiese beskrywing van die vroeg-Christelike kerk. Die gevolg is dat patristiese literatuur weinig of geen aandag geniet in die opleiding van teoloë nie.

Die doel van hierdie artikel is tweërlei van aard: In die eerste plek sal daar gekyk word of dit geldig is om die Nuwe Testament per se af te baken as 'n volwaardige studiegebied. In die tweede deel van die artikel, wat *Instrumenta Studiorum* genoem word, sal daar aandag gegee word aan beskikbare hulpmiddels om die gebied van die Patristiek te ontgin.

## 1. DIE NUWE TESTAMENT AS STUDIEGEBIED

Bykans twintig jaar gelede reeds het Outler (1968) in 'n puik artikel aangevoer dat die konvensionele onderskeiding tussen die Nuwe Testament en patristiese literatuur onverdedigbaar is. Hiermee word die kanon van die Nuwe Testament nie in gedrang gebring nie. Die Skrif is

inderdaad voldoende om die mens tot geloof in Christus te bring, maar dit is 'n onwetenskaplike afbakening van literatuur vir enige persoon wat òf die teologie òf die kerk van die eerste Christene wil bestudeer, en wel om die volgende redes: Elke geskiedkundige moet sy terrein afbaken deur duidelik sy *terminus a quo* en *terminus ad quem* aan te dui, met ander woorde van **waar** en **tot waar** die grense van sy studieveld strek. Hierdie bakens vir 'n studieveld mag nooit te na aan mekaar lê nie. Ons norm is dikwels 'hanteerbaarheid', maar dit hoort ook te voldoen aan die norm van 'sinvolheid'. As die snit in die geskiedenis te 'dun' is, kan geldige afleidings nie gemaak word nie.

Outler wys ook daarop dat die bakens van enige gekose studieveld duidelik moet uitstaan en daar moet werklik gesê kan word dat die gety ná daardie baken anders was as vóór daardie baken. So kan ons byvoorbeeld, in die geval van Suid-Afrika, die land se geskiedenis bestudeer tussen die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie twee oorloë is duidelike bakens in die land se geskiedenis met 'n duidelike verskil in sake vóór en ná hierdie bakens. Op grond van hierdie selfde beginsel kan aangevoer word dat die Nuwe Testament geen volwaardige studiegebied is nie. Dit het wel 'n duidelike beginbaken, maar geen duidelike **eind**baken nie. Wat is die skeidslyn tussen die eindpunt van die Nuwe Testament en die begin van Patristiek? Ons kan vandag antwoord dat die maatstaf is *sola Scriptura*, maar dit is 'n norm wat nie deur die Christene van die eerste eeue n C geken is nie. Dit bring dus mee dat ook Patristiek geen volwaardige studiegebied is nie, maar om presies die teenoorgestelde rede. In die geval van Patristiek is daar weer geen duidelike **begin**baken nie.

Voorts, wanneer die grense van 'n studieveld bepaal word, moet daar gepoog word om bakens te kies wat dieper sny as net een vlak. Dit beteken dat mens nie net een of ander prominente teologiese baken, soos 'n belangrike kerklike vergadering, sal kies nie, maar eerder bakens wat die tydperk ook op die kulturele en politieke vlakke verdeel. Wat die vroeë Christendom betref, is die bewindsoorname van Konstantyn, of ook die val van die Romeinse Ryk in 476 n C, goeie voorbeelde van bakens wat, historiografies gesien, die politieke, kulturele en kerklike vlakke aansny.

Nie net die Nuwe Testament nie, maar talle ander buite-Bybelse geskrifte, het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling en wording van die kerk se struktuur, liturgie, dogma, eksegese, ensovoorts. Met die afsluiting van dit wat tradisioneel as die Nuwe-Testamentiese geskrifte bekend staan, was die kerk nog steeds in wording. Daar is talle sake

wat vandag net uit buite-Bybelse geskrifte te verklaar is. Die Nuwe Testament is nie voldoende om alle aspekte van die vroeg-Christelike kerk te verklaar nie. Elke persoon wat homself besig hou met die eerste kerk, sal homself van hierdie feit moet vergewis. Byvoorbeeld, om die kerk se komplekse teologie oor die Drie-eenheid, doop of nagmaal te verstaan, is 'n kennis van die ontwikkeling van hierdie dogmatiese kwessies in die eerste eeue uiters noodsaaklik. Ook vir die studie van die liturgie en die hiërargiese struktuur van die kerk is kennis van buite-Bybelse geskrifte onontbeerlik.

Kennis van die Patristiek is nie net vir die kerkhistorikus of dogmatikus belangrik nie, maar ook vir elke eksegeet van die Nuwe Testament. Ons neem so maklik moderne teologiese kommentare ter hand om te kyk hoe 'n teks verklaar word, maar daar het ook pragtige kommentare van antieke teoloë vir ons behoue gebly wat nie sonder meer as minder belangrik afgemaak kan word nie. Dit is in elke geval interessant om te sien hoedat dieselfde Nuwe-Testamentiese teksvers in verskillende eras verskillend geïnterpreteer is. Die latere interpretasies is nie altyd noodwendig die beste interpretasies nie.

Om saam te vat: *Sola Scriptura* is wel voldoende om 'n mens tot geloof in Jesus te bring, maar as ons die eerste kerk se dogma, eksegese, wyse van aanbidding, evangelisasiemetodes, ensovoorts, wil verstaan, kan ons nie anders as om al die vroeg-Christelike geskrifte in een mandjie te gooi nie. Wanneer daar egter vandag oor die vroeë kerk geskryf word, word die Nuwe Testament dikwels as enigste bron aangehaal, terwyl hierdie ander patristiese geskrifte bloot negeer word. Kortom: Vir die bedryf van teologie is die Nuwe Testament 'n onwetenskaplike afbakening van literatuur.

## 2. INSTRUMENTA STUDIORUM

Die eerste deel van hierdie artikel is dus 'n betoog om 'n sterk komponent Patristiek in elke teologiese kursus in te bou. Omdat die Department Grieks aan die Universiteit van Pretoria die belang van Patristiek vir die studie van Teologie terdeë begryp, is daar besluit om 'n stewige sentrum vir die studie daarvan aan hierdie Universiteit op te bou. Die vraag ontstaan egter telkens watter hulpmiddels beskikbaar is om hierdie ryk myn van gegewens te ontgin. Om hierdie rede wil ek graag onderstaande werke bekend stel. Die bedoeling is hoegenaamd nie om volledig te wees nie, maar veel eerder om die vernaamste werke wat beskikbaar is in Suid-Afrika, en meer spesifiek in die Merenskybiblioteek aan die Universiteit van Pretoria, bekend te stel:

## 2.1 Tekste

Van die mees bekende kerkvaders se werke is beskikbaar in die *Loeb Classical Library*. Dit bevat Griekse en Latynse geskrifte en hierdie werke is natuurlik ook van 'n Engelse vertaling voorsien. Voorts besit die Merenskybiblioteek ook die volledige Griekse en Latynse reeks van JP Migne se *Patrologiae Cursus Completus*. Hierdie is natuurlik 'n baie ou reeks; daar is baie drukfoute in en ook is die drukgehalte nie baie goed nie. Die mees gesaghebbende versameling van Griekse en Latynse tekste is egter *Sources Chrétiennes*. Dit bestaan uit 'n teks, goeie tekskritiese notas, 'n Franse vertaling, asook 'n baie goeie inleiding tot elke werk. Ons is in die bevoorregte posisie om die volledige reeks te besit met 'n staande bestelling vir al die volumes wat in die toekoms in hierdie reeks gaan verskyn. Voorts het die biblioteek ook etlike volumes in die reekse *Die griechischen christlichen Schriftsteller der ersten drei Jahrhunderte, Corpus Scriptorum Ecclesiasticorum Latinorum* asook *Corpus Christianorum (Series Latina).*

Die Departement Grieks aan die Universiteit van Pretoria is tans ook aan die onderhandel met die leiers van die TLG-projek *(Thesaurus Linguae Graecae)* aan Princeton University, VSA vir die aankoop van 'n laserskyf waarop alle Griekse literatuur tot die sesde eeu n C gestoor is. 'n Soortgelyke skyf vir Latynse letterkunde gaan in die afsienbare toekoms beskikbaar gestel word en sal dan ook aangekoop word.

## 2.2 Vertalings

Merenskybiblioteek beskik oor al 38 volumes van *The Ante-Nicene Fathers* en die *Nicene and Post-Nicene Fathers*. Hierdie vertalings is egter al baie oud, aangesien dit uit die vorige eeu dateer. Die meer resente en gesaghebbende reeks is egter *The Fathers of the Church* wat deur die Catholic University of America uitgegee word. Die meer as 70 volumes wat reeds verskyn het, is almal in Merensky beskikbaar. Die reeks *Oudchristelijke Geschriften* bevat weer Hollandse vertalings van patristiese werke. Goeie Duitse vertalings kan in die reeks *Bibliothek der Kirchenväter* verkry word.

## 2.3 Tydskrifte

Benewens die talle teologiese vaktydskrifte waarin daar sporadies arti-

kels oor Patristiek verskyn, is Merenskybiblioteek ook ingeteken op drie vaktydskrifte wat eksklusief oor Patristiek handel, naamlik *Vigiliae Christianae, The Second Century* en *The Patristic and Byzantine Review.*

### 2.4 SA Vereniging vir Patristiese en Bisantynse Studies

Hierdie vereniging is vanuit die Departement Grieks (UP) geïnisieer en poog om 'n akademiese toevlugsoord te skep vir alle Suid-Afrikaanse akademici wat in die Patristiek belangstel. Enigiemand wat belangstel, kan hierby aansluit deur bloot die Departement Grieks (UP) te kontak.

### 2.5 Biblia Patristica

Die Universiteit van Strasbourg het die lofwaardige projek onderneem om 'n indeks saam te stel van alle aanhalings uit en verwysings na die Bybel, soos dit voorkom in die Christelike literatuur van die eerste eeue. Die titel van die reeks is *Biblia Patristica.* Die eerste volume dek die patristiese literatuur tot by Tertullianus en Klemens van Aleksandrië. Dit bevat 28 000 verwysings. Die tweede volume bevat 22 000 verwysings en dek die derde eeu, uitgesonderd Origenes. Die omvangrykheid van hierdie projek word duidelik wanneer mens veral na die derde volume kyk. Dit dek net die werke van Origenes en bevat 57 600 verwysings. Volume 4 sal Eusebius van Caesarea en Epifanius van Salamis se werke dek.

Hierdie reeks is natuurlik ontsettend handig vir iemand wat graag wil gaan naspeur hoe 'n betrokke Bybelvers deur die kerkvaders van die eerste eeue geïnterpreteer is. Die indeks bevat 'n presiese aanduiding van die boek, hoofstuk en paragraafnommer van die patristiese werk waar die betrokke aanhaling nageslaan kan word. Die bruikbaarheid van hierdie reeks word nog verder verhoog deurdat daar ook gewerk word aan 'n supplement oor Philo van Alexandrië wat bestaan uit 8 000 verwysings na die Skrif. Philo was nou wel nie 'n Christen nie, maar sy eksegese het 'n groot invloed uitgeoefen op die kerkvaders en dus is sy geskrifte baie relevant.

### 2.6 Naslaanwerke

Bykans die helfte van die beoogde 25 volumes in die reeks *Theologische Realencyclopädie* het reeds verskyn. Baie van die temas wat hierin vervat is, is van groot belang vir diegene wat op Patristiek werk. Voorts

besit Merenskybiblioteek ook verskeie ensiklopediestelle en ander naslaanwerke waarin talle temas oor die vroeg-Christelike Kerk vervat is, soos byvoorbeeld die *Christelijke Encyclopedie, New Catholic Encyclopedia, The Oxford Dictionary of the Christian Church* en *The New International Dictionary of the Christian Church.* Quasten se *Patrology* (nog net 3 volumes het verskyn) het ook reeds wêreldwyd 'n standaardnaslaanwerk geword vir diegene wat meer inligting oor kerkvaders se lewe, werke en teologie benodig.

### 2.7 Woordeboeke

Die standaard Griekse woordeboek op Patristiek is GWH Lampe se *A Patristic Greek Lexicon.* Daar is egter veel gebreke in hierdie woordeboek en dus is PGW Glare van die Bodleian Library te Oxford besig met 'n projek om Liddell-Scott-Jones se *Greek Lexicon* uit te brei om ook die sekulêre en teologiese woordeskat van die patristiese periode in te sluit. Die hele woordeboek word tans op rekenaar gedoen sodat wysigings en korreksies voortaan baie makliker selfs in die finale stadium gedoen kan word.

### 2.8 Sekondêre werke

Ondanks die finansiële druk wat oral heers, word daar nogtans daarin geslaag om die belangrikste sekondêre werke vir Merenskybiblioteek aan te skaf deurdat die lyste van die nuutste publikasies op gereelde grondslag deurgewerk word.

### 2.9 Ontsluiting van boeke en tydskrifte

Merenskybiblioteek beskik oor verskeie werke wat ten doel het om die omvangryke sekondêre literatuur oor Patristiek vir die gebruiker toeganklik te maak. Die *Bibliographia Patristica* verskyn jaarliks en gee 'n bibliografiese indeks van artikels en boeke wat in daardie spesifieke jaar oor 'n verskeidenheid van temas en/of outeurs verskyn het. Ook *Religion Index One: Periodicals, Religion Index Two: Multi-Author Works, Christian Periodical Index, Religious and Theological Abstracts, New Testament Abstracts* en die *L'Année Philologique* kan in hierdie verband geraadpleeg word. Voorts het die *Classical World* ook twee aparte uitgawes (Vol 76, nr 2 en 6) gewy aan 'n bibliografiese indeks oor sekondêre werke vanaf 1970 tot 1979 wat patristiese temas behandel.

## TEN SLOTTE

Op die huidige oomblik word die patristiek hoofsaaklik deur die Rooms-Katolieke bestudeer, terwyl die teoloë uit die reformatoriese tradisie meer op die post-reformatoriese kerkgeskiedenis konsentreer. Uit die aard van die saak bestudeer die Rooms-Katolieke dan ook hoofsaaklik aspekte wat van groot belang is, juis vir hulle teologie. Die Patristiek is dus 'n braak veld wat ruim geleentheid vir navorsing bied aan studente binne die reformatoriese teologie.

### Literatuurverwysings


ATTRIDGE, HW 1981. A response to Dean Leander E Keck. *The Second Century* 1/1, 37–42.

BURGHARDT, WJ 1984. Current Theology: Literature of Christian antiquity: 1979–1983. *Theological Studies* 45, 275–306.

BURGHARDT, WJ 1980. Literature of Christian antiquity: 1975–1979. *Theological Studies* 41, 151–80.

KECK, LE 1981. Is the New Testament a field of study? or, From Outler to Overbeck and Back. *The Second Century* 1/1, 19–35.

OUTLER, AC 1968. Methods and aims in the study of the development of Catholic Christianity. *The Second Century* 1/1, 7–17. [Reprinted from the *Anglican Theological Review* 50 (1968), 117–30.]